

Saterdag 17 November

Skrifgedeelte: Sagaria 6:9-15

**Fokusgedeelte: Sagaria 6:12, 13
(1953-vertaling)**

Die wáre Priester-Koning sal die kerk bou!

Sagaria word in hierdie profesie aangesê om die drie pelgrims vanuit die ballingskap se bydraes van silwer en goud te aanvaar. Hiervan moet 'n kroon gemaak word en dit moet op Josua, die hoëpriester, se kop gesit word. Nou is Josua 'n priester-koning wat simbolies na Jesus heenwys. Die name "Josua" (Hebreeus) en "Jesus" (Grieks) beteken dieselfde, naamlik *Die Here red/verlos*.

Aan Josua moet gesê word dat die Een wat "Spruit" of "Loot" genoem word (vgl. Jes. 11:1-10), nuwe groei sal bring soos 'n nuwe takkie wat uit 'n boom uitspruit of groei. Hier-die Spruit sal die ware tempel van die Here bou. Volgens 1 Korintiërs 3:9 is die ware tempel eintlik Gód se mense: "Júlle is die gebou van God." Dis hierdie Priester-Koning wat God se kerk sal bou. 'n Priester offer, en 'n koning heers.

Jesus offer homself om volkome vir al ons sondes te betaal. Jesus heers selfs oor die dood deurdat Hy op die derde dag uit die dood uit opgestaan het. Daar sal dus volkome eenstemmigheid of vrede bestaan tussen hierdie twee ampte van die ware Priester-Koning wat mekaar aanvul.

Die kroon wat Sagaria gemaak het, moet intussen as 'n herinnering in die tempel in Jerusalem gehou word. Volgens vers 14 is dit 'n herinnering aan God se sterkte, goedheid, alwetendheid en vriendelikheid – dit is wat die name Heldai, Tobía, Jedája en Gen (Direkte Vertaling Bybel) beteken.

Die Priester-Koning sal diegene wat ver is, na Hom toe roep (vgl. Hand. 2:39). Hy sal van hulle aktiewe lidmate van die kerk maak. Dán sal hulle weet dat die beloftes van die Here waar is, want Hy onthou altyd sy beloftes!

Luister altyd getrou na die stem van die Here!

Sing: Psalm 31:13, 15

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)